Eerste Werkservaring Premier se Jeugbevorderingsprojek (PAY)

Wil jy graag werkservaring in die Staatsdiens opdoen? Jy kan dan ophou soek!

Die Eerste Werkservaring Premier se Jeugbevorderingsprojek (PAY) bied aan Matrikulante hul eerste werkservaring en opleiding vanaf **1 April 2023 tot 31 Maart 2024**.

Dit kan dalk lei tot 'n geleentheid om in aanmerking te kom vir 'n beurs om verder in jou belangstellingsveld te studeer!

Western Cape Government
FOR YOU

VIR MEER INLIGTING:
Besoek **www.westerncape.gov.za/PAY** of skakel die PAY-kantoor: **021 483 0742/9456** gedurende kantoorure.

IS HIERDIE GEGEWENS OP JOU VAN TOEPASSING?

- Jy het die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) in die Wes-Kaap geskryf en geslaag.
- Jy het geen verdere studieplanne vir 2023 nie.
- Jy is 'n Suid-Afrikaanse burger, woonagtig in die Wes-Kaap.
- Jy het geen netwerk of ondersteuning om jou te help om beroepskeuses te maak nie.
- Jy en jou ouers/voogde is finansieel beperk.
- Jy is 24 jaar en jonger.

Indien jou antwoord "JA" op al die bogenoemde is, is die PAY-projek vir jou!

WERKSOPLEIDING SAL IN DIE VOLGENDE DEPARTEMENTE VERSKAF WORD:

1. Departement van die Premier
2. Departement van Landbou
3. Departement van Gemeenskapsveiligheid
4. Departement van Kultuursake en Sport
5. Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
6. Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
7. Departement van Plaaslike Regering
8. Departement van Gesondheid en Welstand
9. Departement van Infrastruktuur
10. Die Provinsiale Tesourie
11. Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
12. Departement van Mobiliteit
13. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD)

LAAT DIT GEBEUR

- Voltooi die aanlyn-aansoekvorm by: **https://www.westerncape.gov.za/jobs/** (Aansoeke kan ingedien word vanaf Maandag, 9 Januarie 2023 en sluit Vrydag, 27 Januarie 2023).
- Wees voorbereid om 'n kort verklaring te skryf oor jou sleutelvaardighede en -vermoëns, ondervinding en loopbaandoelwitte.

WAT GAAN JY BEREIK?

- Werksondervinding in die staatsdiens
- Kontakbare verwysings vir jou CV
- 'n Stel vaardighede en ervarings wat jou meer bemarkbaar sal maak
- 'n Jaar waarin ingeligte beroepskeuses gemaak kan word saam met 'n netwerk om dit te rugsteun

WENKE VIR JOU AANSOEK

- Skep 'n e-posadres. **Jy benodig een om aansoek te doen.**
- Wanneer jy aansoek doen, moet jy eers registreer.
- Stoor asseblief jou gebruikersnaam en wagwoord op 'n veilige plek sodat jy toegang daartoe kan kry indien nodig.
- Vind die naaste openbare biblioteek aan jou wat jou internettoegang sal gee.
- Vind die Thusong-dienssentrum naaste aan jou en bepaal of hulle jou toegang tot die internet kan gee.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS: Om moontlike botsing van belange te vermy, sal ons ongelukkig nie aansoeke aanvaar van persone wie se familielede in 'n middel- of senior bestuursposisie in die Wes-Kaapse Regering werksaam is nie.

Western Cape Government
FOR YOU

VIR MEER INLIGTING:
Besoek **www.westerncape.gov.za/PAY** of skakel die PAY-kantoor: **021 483 0742/9456** gedurende kantoorure.